

Hoofstuk van die dag: Matteus 23

> *Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! (vers 13-36)*

Jesus praat hier met die Joodse geestelike leiers. Hy vat dit saam in sewe “ellende”-aankondigings. Hierdie woorde vertel

van sy hartseer, maar ook van oordeel. Dit is:
• Om met jou “slim” Bybel-uitleg God se heilsplan vir mense te verduister (vers 13).
• Om mense van God te laat wegkeer en soos hulle te word (vers 15)
• Om God se volk blindelings agter mensgemaakte tradisies te laat aanloop (vers 16-22)
• Om verstrengel te raak in beuselagtighede, terwyl die dinge wat regtig belangrik is, naamlik geloof, liefde, geregtigheid en genade, geïgnoreer word (vers 23-24)
• Om ’n vroom front voor te hou, terwyl die hart van binne korrup is (vers 25-26)
• Om vroom dinge te doen om die sonde weg te steek (vers 27-28)
• Om voor te gee dat die dinge van die verlede in ag geneem word, terwyl jou gedrag duidelik toon dat jy glad nie uit die verlede geleer het nie (vers 29-36)
Jesus se woorde is vandag nog van toepassing op almal wat só verstrengel raak in godsdienstige gewoontes en tradisies dat hulle vergeet dat God steeds van sy kinders liefde, genade en vergifnis eis.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026